

LESING 6

DIE GEESTELIKE STRYD

DIE STRYD

'n Mens kan tereg die vraag vra, waarom moet ons praat oor 'n geestelike oorlog? Is dit nodig, is daar ooit so iets, het mense dit nie maar gefabriseer nie? Baie Christene sê dan ook hoe minder jy van die duiwel praat en hoe minder jy by hierdie goed betrokke raak, hoe beter. Rig liewers jou gedagtes op God.

Hoekom wil mense nie weet van die duiwel of die stryd nie?

Die Bybel praat tog onomwonde van die duiwel en van sy daade, van Genesis 3. tot by Openbaring 21 is hy 'n aaklige realiteit. Baie mense is onbewus van hierdie stryd en is ook onkundig daaroor. Baie mense ignoreer die stryd, ander oorbeklemtoon dit.

Dit maak eintlik nie saak of jy die stryd ignoreer of wil wegpraat of wegwens nie, die stryd en die duiwel sal nie weggaan nie. Die oomblik toe jy oorgeklim het vanuit die duisternis, waarin alle mense is, na die wonderbare Lig van Jesus Christus, daardie oomblik het **jy deel geword van die stryd** en is ons die teken van die Satan. Hy is nie weg nie, hy hou nie vakansie nie, hy is nie lui nie.

2 Korintiërs 10:3-6

Natuurlik leef ons in 'n menslike liggaam, maar ons voer nie die stryd met menslike wapens nie. 4Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig. Daarmee vernietig ons die redenasies 5en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word. Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak. 6Ons is ook gereed om met elke ongehoorsaamheid af te reken sodra julle eie gehoorsaamheid volkome is.

Efesiërs 6:10-13

Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag. 11Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel. 12Ons

stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug. 13 Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan.

Die woordjie **weerstand bied**/"**stand your ground**," kom van die Griekse woord. **antihestimi**. Waar het jy van dit al gehoor? **Anti** het niks met familie uit te waai nie, maar beteken doodeenvoudig "*gekant teen iets*" en die woord **histemi** beteken "*om standpunt in te neem, om vas van gedagtes te wees.*" Dit kan dus so verklaar word, "*to set one's self against, to withstand, to resist, to oppose.*" Die Woord is duidelik dat daar 'n stryd aan die gang is, en die stryd is tussen God en die duiwel en daarom ook tussen ons en die duiwel. Jy kan nie neutraal staan in die stryd nie.

As ek praat van 'n geestelike oorlog dan is daar geen moontlikheid dat God die oorlog kan verloor nie. Jesus het reeds die oorwinning behaal, maar die stryd is nog nie verby nie. Dit is soos 'n rugbywedstryd waarvan daar nog net 5 minute oor is. Die een span is met 40 punte voor. Daar is geen moontlikheid dat die ander span kan wen nie, met ander woorde die oorwinning is behaal, maar die stryd is nog nie verby nie. In hierdie laaste oomblikke kan die verloorspan nog die wenspan se spelers beseer. Die wenspan kan nie afstap nie, hulle moet op die veld bly totdat die wedstryd verby is. Jesus het reeds die oorwinning behaal, maar die stryd is nog nie verby nie.

DIE VYAND, WIE IS HY?

Jesaja 14:9-14

Die doderyk daaronder kom in beroering omdat jy soontoe kom. Dié wat reeds daar is, word wakker gemaak, almal wat leiers op aarde was; almal wat konings van nasies was, moet van hulle trone af opstaan. 10 Almal begin praat, hulle sê vir jou: "Jy is nou net so swak soos ons, jy het soos ons geword!" 11 Jy het met jou hoogmoed, met die klank van jou harpmusiek en al in die doderyk beland. Jy lê tussen die maaiers, jy is oortrek van die wurms. 12 Jy wat die helder môrester was, het uit jou hemel geval. Jy wat 'n oorwinnaar van nasies was, is in die grond in verpletter. 13 En dit jy, jy wat gedink het: ek klim op hemel toe, ek gaan my troon neersit bokant die hoogste sterre,

ek gaan my plek inneem op die berg waar die gode mekaar ontmoet, ver in die noorde; 14 ek klim op tot bokant die wolke, ek word soos die Allerhoogste self. 15 Maar jy stort af in die doderyk, af tot in sy diepste deel.

Isaiah 14:12

“How you are fallen from heaven, O Lucifer, son of the morning! How you are cut down to the ground, You who weakened the nations! (NKJV)

Satan word hoogmoedig. Daarom is hoogmoed vandag nog een van die goed wat die Here haat. Satan met al sy mag en prag en praal besluit om te rebelleer en dit lei tot die uitwerping uit die hemel uit. Dit is so dat van die volgelinge van Satan in Satanisme verval, maar dit is regtig so 'n klein persentasie van sy werk, want hy werk as **engel van die lig** eintlik ondergronds. Sy werk is om mense deur mooi praatjies te verlei. Die hoofrede vir sy aanslag is om die mens, God se kroon van die skepping te vernietig, op hierdie manier kan hy die Here terugkry.

2 Korintiërs 11:12-15

Soos ek nou maak, sal ek voortgaan om te maak. Daarmee sal ek vir dié mense wat 'n aanleiding soek om te roem dat hulle net sulke apostels soos ons is, elke aanleiding daartoe ontnem. 13Sulke mense is vals apostels; hulle gaan oneerlik te werk deur voor te gee dat hulle apostels van Christus is. 14En geen wonder nie! Satan self doen hom voor as 'n engel van die lig. 15Daarom is dit ook nie snaaks dat sy dienaars hulle voordoen as mense wat die wil van God doen nie. Aan die einde sal hulle kry wat hulle vir hulle dade verdien.

Ons lees hier in 2 Kor.11:12-14 dat sy werk veral toegespits is, op die gemeente en kinders van die Here. Miskien is hy dalk die een wese wat die hardste werk in ons gemeentes. Baie van sy goed is so engelagtig, dit lyk tog nie verkeerd nie, maar uiteindelik is dit daarop gerig om ons uit te vang.

Sy naam is **Lucifer**, wat beteken “*die môrester, die engel van die lig.*” Hy is 'n skepsel van God en dit lyk vir my asof hy een van die drie hoofengele was. Ons lees van Gabriël en Michael en dat hulle die magtigste van die engele is en dan lyk dit Lucifer was ook 'n belangrike engel gewees.

Die woord Satan kom van die Hebreeuse woord **hassatan** wat "*teenstander*" beteken. Duiwel is 'n vertaling van die Griekse woord **diabolos** wat "*aanklaer of bese*" beteken.

Ek noem hom "**the Great Pretender.**" Hy doen hom self voor as iemand wie hy nie is nie. Jesus noem hom die vader van die leuen.

Johannes 8:44

Julle is kinders van die duiwel; hy is julle vader, en julle wil doen wat julle vader wil hê julle moet doen. Hy was van die begin af 'n moordenaar. En hy staan nie aan die kant van die waarheid nie, omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy leuentaal praat, is dit volgens sy aard, want hy is 'n leuenaar en die vader van die leuen.

Jesus beskryf Satan as die vader van die leuen en dit is hy by uitstek. Dit is darem sleg om as die heelal se hoofleuenaar bekend te staan. Daarom noem ek hom die "**great pretender.**"

- Hy is die persoon wat voorgee dat hy soveel mag het.
- Hy is die persoon wat jou wil laat glo dat hy jou kan vernietig.
- Hy is die wese wat mense wil laat glo dat hulle nie verlossing kan kry oor hulle sondes of swakhede nie.
- Hy laat mense dink daar is nie meer hoop nie.
- Hy gee voor dat hy godsdienstig is en verlei mense weg van die kerk van Jesus Christus af.
- Hy laat partykeer goed gebeur om ons moedeloos te maak.
- Hy gee voor dat alles wel is, maar uiteindelik is hy 'n moordenaar en 'n leuenaar.

Genesis 3:1–5 - Valse kennis

Die slang was listiger as al die wilde diere wat deur die Here God gemaak is en het vir die vrou gevra: "Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?" 2 Die vrou het die slang geantwoord: "Ons mag eet van die vrugte van die bome in die tuin. 3 God het net gesê ons mag nie eet van die vrugte van die boom in die middel van die tuin nie en ons mag dit nie aanraak nie, want dan sterf ons." 4 Toe sê die slang vir die vrou: "Julle sal beslis nie sterf nie, 5 maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken."

Deel van sy voorgree is die feit dat hy voorgree dat hy soveel kennis en mag het. Hoor hoe probeer hy hier vir Eva verlei en haar laat glo dat hy al die kennis het. Natuurlik weet hy veel meer as gewone mense, maar uiteindelik is sy hele kennis op valshede gebaseer. Hy probeer dit selfs met Jesus.

Matteus 4:8-9 - Valse mag

Toe neem die duiwel Hom na 'n baie hoë berg toe, wys Hom al die koninkryke van die wêreld met hulle prag 9 en sê vir Hom: "Dit alles sal ek vir U gee as U neerval en my aanbid."

Satan se fokus was nie op God op die troon nie, maar op die troon. Hy wil graag God wees en soos God aanbid word. Sy fokus is om God se skepping en Sy skepsels te benadeel. Ja, hy het mag, daarom as jy op die terrein van die Satan beweeg, gaan hy korter met jou maak, maar in Jesus en vanuit die krag van God se Gees is jy beskerm. Sy mag is **beperk**.

1 Korintiërs 10:13 - Beperkte mag

Geen versoeking wat meer is as wat 'n mens kan weerstaan, het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan.

Lukas 22:31-32

Simon, Simon!" het Jesus gesê. "Luister! Die Satan het daarop aangedring om julle soos koring te sif. 32Maar Ek het vir jou gebid dat jou geloof jou nie begeewe nie. As jy weer tot inkeer gekom het, moet jy jou broers versterk."

1 Johannes 4:17-18 - Hy werk met vrees.

Hiérin het die liefde sy doel volkome met ons bereik: ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie, want in hierdie wêreld lewe ons reeds deur die liefde net soos Jesus. 18Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie.

2 Timoteus 2:26

Dan sal hulle weer tot nugtere insig kom en vry raak uit die vangstrik van die duiwel, waarmee hy hulle gevange gehou het om sy wil te gehoorsaam.

Vrees is veral die een ding waarmee die duiwel werk. Ek hoor baie keer kinders wat sê hulle is bang vir Sataniste. Satan werk met magsvertoon, let wel, die klem op vertoon. Ek sê weer as jy jou op die terrein van jou swakheid betree, dan gaan die duiwel jou vat. Hy stel nog steeds strikke. Tog probeer hy mense met vrees en valse magsvertoon oorrompel.

1 Petrus 5:8-9a – Namaker

Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind. 9Bly standvastig in die geloof en staan hom teë.

Die Satan loop rond soos 'n brullende leeu. Hy is nie 'n leeu nie, maar deur die gebrul van 'n leeu na te maak, maak hy mense paniekerig, soos wanneer skape in 'n kraal 'n leeu hoor brul. Jesus is die oorwinnende leeu, die Leeu uit die stam van Juda.

Openbaring 5:1-5 - Jesus die Leeu uit die stam van Juda

In die regterhand van Hom wat op die troon sit, het ek 'n boekrol gesien wat aan die vooren aan die agterkant vol geskrywe was en wat met sewe seëls goed verseël was. 2 Toe het ek 'n sterk engel gesien wat met 'n harde stem uitroep: "Wie is waardig om die boek oop te maak deur die seëls daarvan te breek?" 3 Maar niemand in die hemel of op die aarde of onder die aarde was in staat om die boek oop te maak en daarin te kyk nie. 4 Ek het baie gehuil omdat daar niemand gekry is wat waardig was om die boek oop te maak en daarin te kyk nie. 5 Toe sê een van die ouderlinge vir my: "Moenie huil nie. Kyk, die Leeu uit die stam van Juda, die Afstammeling van Dawid, het die oorwinning behaal en kan die boek met die sewe seëls oopmaak."

Jesus regeer, Hy het klaar oorwin, Satan is in totaliteit verslaan, maar hy wil die wêreld laat glo dat hy heers en regeer oor die kerk. **Sy heerskappy is beperk** tot die sondige wêreld toe.

1 Johannes 5:19

Ons weet dat ons aan God behoort en dat die hele sondige wêreld in die mag van die duiwel is.

Om op te som die duiwel het bomenslike krag, maar nie Goddelike krag. Dit is veral wat hy wil voorgee om te wees. Die Satan lieg en bedrieg, maar kan teëgestaan word. Hy het kennis, maar verlei veral met sy valse kennis en halwe waarhede: “*God het mos gesê.... ag, jy sal nie gevang word nie.... dit is nie so sleg nie.... hierdie mense weet regtig nie waarvan hulle praat nie....*”

DIE VYAND SE STRATEGIE

Die duiwel het 'n fyn uitgewerkte strategie. Dit werk in die meeste gevalle. Sy fokus is veral op ons gedagtes. As hy ons net aan die dink kan kry, dan het hy ons net waar hy ons wil hê. Hy kan weliswaar nie ons gedagtes lees nie, maar hy het 'n goeie idee wat mense dink as hy sekere goed laat gebeur, want jou gedagtes sit mos om in daade en dan weet hy of hy getref het.

2 Korintiërs 10:3-6

Natuurlik leef ons in 'n menslike liggaam, maar ons voer nie die stryd met menslike wapens nie. 4Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig. Daarmee vernietig ons die redenasies 5en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word. Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak. 6Ons is ook gereed om met elke ongehoorsaamheid af te reken sodra julle eie gehoorsaamheid volkome is.

2 Korintiërs 4:3-4

As die evangelie wat ons verkondig, tog nog met 'n sluier bedek is, is dit bedek net vir dié wat verlore gaan. 4Hulle is die ongelowiges wie se verstand deur die god van hierdie wêreld verblind is, sodat hulle die lig van die evangelie nie kan sien nie. Dit is die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is.

Dit is in 'n mense se gedagtes wat die groot stryd plaasvind. Hoe doen hy dit? Eenvoudig hy verblind mense. Onthou, hy is die engel van die lig, wat hom kan voordoene as die Lig.

Daarom is dit vir hom maklik om mense se gedagtes op verskeie maniere te verblind. Hy sal byvoorbeeld sê:

- “Ag dit is nie so erg nie, eet maar hiervan.
- Jy sal net beter af wees.
- Almal doen dit.
- Jy kan later die konsekwensies hanteer.
- Niemand gaan eers weet nie.”

Ons lees hier in 2 Korintiërs 10 van vestings. Die Griekse woord **okooromah** beteken iets soos “’n kasteel of ’n fort.” Dit lyk amper asof die duiwel in mense se gedagtes vir hom 'n fort ingerig het, 'n plek waarvandaan hy mense se hele gedrag kan beheer.

2 Korintiërs 11:2-4

Ek waak oor julle met 'n ywer wat van God kom, want julle is soos 'n jongmeisie wat ek aan een man toegesê het as sy bruid en wat ek vlekkeloos na hom toe wil bring. Die man is Christus. 3Maar ek is bang dat julle gedagtes weggelei sal word van die onverdeelde en suiwere toewyding aan Christus, net soos Eva verlei is deur die listigheid van die slang. 4Ek sê dit omdat julle so maklik daarmee genoeg neem as iemand 'n ander Jesus kom verkondig as wat ons verkondig het, en julle neem net so maklik 'n ander gees en 'n ander evangelie aan as dié wat julle van ons ontvang het.

Die duiwel se strategie as engel van die lig is eenvoudig om jou gedagtes weg te lei van die waarheid. Daarom is dit moontlik dat 'n kind van God 'n nuwe lewe in Christus Jesus kan verkry en dat hy tog met sy gedagtes kan hink op twee gedagtes. Daarom is dit nodig dat ons voortdurend ons gedagtes moet vernuwe.

Romeine 12:1-2

En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenslike van die godsdienst wat julle moet beoefen. 2Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.

Efesiërs 4:23-24

Julle gees en gedagtes moet nuut word; 24lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.

Dit is nie 'n proses wat kan ophou nie, want die stryd om hierdie een vesting, die van die **gedagtes** is die felste. Dit is een vesting wat Satan die moeilikste afgee, want hy weet deur jou gedagtes te beheer, het hy eintlik beheer oor jou.

Die duiwel gebruik 'n strategie, wat deur die eeue heen werk en wat hy nie nodig het om te verander nie, want dit werk vandag nog steeds baie goed. Hy gebruik veral drie goed baie suksesvol.

1 Johannes 2:16 (1953)

Want alles wat in die wêreld is — die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe — is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld.

1 John 2:16

For all that is in the world — the lust of the flesh, the lust of the eyes, and the pride of life — is not of the Father but is of the world. (NKJV)

- Begeerlikheid van die vlees/the lust of the flesh
- Begeerlikheid van die oë/the lust of the eyes
- Grootsheid van die lewe/the pride of life

Ons kan na twee voorbeelde kyk (Eva en Jesus) en dan sien ons hoe hy hierdie strategie gebruik om vir Eva en vir Jesus te versoek.

Genesis 3:4-6

Toe sê die slang vir die vrou: "Julle sal beslis nie sterf nie, 5 maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken." 6 Toe besef die vrou dat die boom se vrugte goed is om te eet en mooi om na te kyk en begeerlik omdat dit kennis kan gee. En sy het van sy vrugte gepluk en geëet. Sy het ook vir haar man by haar gegee, en hy het geëet.

Hoor wat gebeur hier. Satan kom met sy slinkse woorde en onmiddellik sit hy haar aan die dink. Dan staan daar in vers 6:

- *“Sy het besef dat dit goed was om te eet”* - begeerlikheid van die vlees. Dit gaan nogal lekker wees, dit sal haar vlees bevredig;
- *“dit was mooi om te kyk,” “’n lus vir die oog”* (1953) - begeerlikheid van die oë. Dit was mooi om na te kyk, dit het haar gelok;
- *“begeerlik omdat dit kennis kan gee”* - grootsheid van die lewe. Sy begeer om iets meer te wees as wat sy is. Sy is nie tevrede met haarself nie.

Tot op hierdie stadium het sy nog nie gesondig nie. Die duiwel het net iets gesê om haar gedagtes aan die gang te sit. Sy het mooi na die situasie gekyk, haar kop het begin werk en toe eers nadat sy mooi gedink het, ek wil amper sê nadat haar kop oortyd en teen hoogste versnelling gewerk het, sy eers gesondig toe sy van die vrugte van die boom geëet het.

Die Satan probeer presies dieselfde taktiek met Jesus.

Matteus 4:1-11

Toe is Jesus deur die Gees die woestyn in gelei om deur die duiwel versoek te word. 2 Veertig dae en veertig nagte het Hy niks geëet nie en naderhand het Hy honger geword. 3 Die versoeker het toe gekom en vir Hom gesê: “As U die Seun van God is, sê hierdie klippe moet brood word.” 4 Maar Hy antwoord: “Daar staan geskrywe: ‘n Mens leef nie net van brood nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom.” 5 Daarna neem die duiwel Hom na die heilige stad toe en laat Hom op die hoogste punt van die tempel staan 6 en sê vir Hom: “As U die Seun van God is, spring af! Daar staan mos geskrywe: Hy sal sy engele oor jou opdrag gee en: Op hulle hande sal hulle jou dra, sodat jy nie jou voet teen ‘n klip sal stamp nie.” 7 Jesus sê vir hom: “Daar staan ook geskrywe: Jy mag die Here jou God nie op die proef stel nie.” 8 Toe neem die duiwel Hom na ‘n baie hoë berg toe, wys Hom al die koninkryke van die wêreld met hulle prag 9 en sê vir Hom: “Dit alles sal ek vir U gee as U neerval en my aanbid.” 10 Maar Jesus sê vir hom: “Gaan weg, Satan, want daar staan geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.” 11 Daarna het die duiwel Hom met rus gelaat, en daar het engele gekom en Hom versorg.

- *sê hierdie klippe moet brood word”* (vers 3) - jy het honger, maak sommer van hierdie klippe brode - begeerlikheid van die vlees,

- *“Dit alles sal ek vir U gee as U neerroal en my aanbid.”* (vers 8) - grootsheid van die lewe. Dink so 'n bietjie oor die lewe. Dit is mos so, mense word doodeenvoudig verlei om aan hulle eie vleeslike behoeftes te voldoen en veral dan op die terrein van wat ons sien. Die Satan is baie sterk op hierdie twee gebiede in mense se lewens. Hy weet mense wil nog altyd beter wees, hulle het nog altyd hierdie grootheidswaan. Mense dink mos baie maklik hulle is beter as ander mense en dink soms hulle weet beter as God en so verlei Satan mense nog altyd.

Die duiwel werk veral deur versoekings.

1 Korintiërs 10:13

Geen versoeking wat meer is as wat 'n mens kan weerstaan, het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan.

Jakobus 1:13

Iemand wat in versoeking kom, moet nooit sê: “Ek word deur God versoek” nie; want God kan nie verlei word nie, en self verlei Hy niemand nie.

Die woord versoekings in die Grieks beteken om te *eksperimenteer, te toets*. Hy is voortdurend besig om jou geestelike temperatuur te toets. Hy is eintlik besig om op sy slinkse manier met jou te eksperimenteer. Omdat hy nie presies weet hoe jy gaan reageer nie, is hy voortdurend besig om met verskillende situasies in jou lewe te eksperimenteer.

Die duiwel kan ook mense direk aanval. Dit gaan dikwels gepaard met pyn en lyding. Ek het al baie getuienisse van mense gehoor wat sê dit het gevoel of iemand hulle wil wurg of hulle wil versmoor.

2 Korintiërs 12:6-7

Al sou ek wil roem, sal ek tog nie dwaas wees nie, omdat ek die waarheid sal praat. Maar ek weerhou my daarvan omdat ek nie wil hê dat iemand aan my meer moet toeskryf as wat hy my sien doen of my hoor sê nie, 7selfs nie vanweë die verhewenheid van die openbarings nie. Daarom, sodat ek nie

hoogmoedig sou wees nie, is daar vir my 'n doring in die vlees gegee, 'n boodskapper van Satan om my met vuiste te slaan.

'n Ander manier hoe die Satan mense veral baie keer aanval is om hulle, hulle Christenskap in twyfel te laat trek. Mense wonder baie keer, veral wanneer hulle toegelaat het dat die Satan hulle gedagtes aangeval het en omskep het in sonde, of hulle werklik kinders van God is. Jy sien die duiwel se strategie is fyn en verraderlik.

- Gedagtes begin in jou kop werk.
- Jy oorweeg dit. Jy kan een van twee dinge doen, sondig of nie sondig.
- Sondig jy wel is dit waar hy jou wil hê. Jy kan weer twee dinge doen vergifnis vra of begin twyfel.
- As jy eers twyfel dan het hy jou, want dan kan hy jou oortuig dat dit nie die moeite werd is om kind van God te wees nie, want jy kan dit in elk geval nie reg kry nie en op hierdie manier is jy geneutraliseer.

Hy is nie verniet die aanklaer (duiwel) nie.

Toe het ek 'n stem in die hemel gehoor wat hard uitgeroep het: "Nou het ons God die redding gebring, nou is sy mag en koningskap hier, en die gesag van sy Gesalfde! Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het.

Die duiwel kan ook soms mense beset en dan praat ons van duiwelbesetenheid. Die duiwel kan egter nie 'n Christen beset nie. Daarom kan duiwelbesetenheid nie voorkom by mense wat alreeds die Here in hulle lewens toegelaat het nie. Natuurlik sal hy voorgee dat hy van jou besit geneem het, want hy is die "great pretender," maar 'n Christen is in die besit van die Heilige Gees.

Wat wel kan gebeur as jy hom toelaat, kan hy 'n houvas op jou verkry. As daar 'n sekere sonde is wat jy bly koester en waarvan jy nie ontslae kan raak nie of wil raak nie, moet jy weet jy het die duiwel toegang gegee om jou terug te hou van volkome geestelike groei. Jy moet eenvoudig in die Naam van die Here Jesus daardie houvas breek en die mag wat jy afgegee het van hom terugeis.

Dan moet jy waar maak wat ons in die Ons Vader-gebed bid. "lei my nie op die paaie van versoekings nie en bewaar my van die bose." Vermy situasies wat jou kan laat val.

Dit help nie jy breek die houvas en jy besoek of kyk of doen nog goed wat jou versoek of kan versoek nie. Vermoed dit en dan kom die oorwinning.

Lukas 4:33-36

In die sinagoge was daar 'n man wat in die mag was van 'n bose, onrein gees, en hy het hard geskreeu: 34 "Ha! Wat het ons met U te doen, Jesus van Nasaret? Het U gekom om ons te verdelg? Ek weet wie U is: U is die Heilige van God!" 35 Maar Jesus het hom skerp aangespreek: "Bly stil en gaan uit hom uit!" En die bose gees het die man tussen die mense laat neerslaan en uit hom uitgegaan sonder om hom seer te maak. 36 Almal was baie verbaas, en hulle raak aan die praat en vra vir mekaar: "Wat vir 'n woord is dit dat hy met gesag en mag die onrein geeste gebied, en hulle gaan uit?"

Lees ook Lukas 8:26-33 en 9:37-43.

DIE SOLDAAT IN DIE STRYD

Een van die dinge wat die Satan verseker nie wil hê nie, is dat kinders van die Here moet weet wat hulle posisie in hierdie stryd is. Die oomblik as mense besef hulle het 'n sekere gesagsposisie, veral teenoor hom as vyand dan kan hulle hierdie posisie in die stryd begin gebruik. Daarom het die Satan deur die eeue heen alles in sy mag gedoen om hierdie boodskap uit die kerke uit te hou.

Ons moet in die Naam van Jesus stelling in neem. Onthou die Satan is die "great pretender" hy sal jou wil oortuig dat jy nie nodig het om deel te neem aan die stryd nie, hy sal jou probeer oortuig dat jy nie gesag oor hom het nie, dit is alles leuens, want hy is die wêreld se grootste leuenaar.

Ons moenie hierdie posisie wat ons in Christus het in hierdie stryd verwar met die vervulling met die Heilige Gees, of met die gawes van die Heilige Gees nie. Om in die stryd teen die bose betrokke te raak, is nie net vir die paar wat die "gawe" het, beskore nie, maar elke kind van God neem daaraan deel. Op grond van die oorwinning in Christus veg ons die stryd van uit 'n oorwinnaarsposisie.

In die lig van wat ek nou alles gesê het, moet ons aanvaar dat die oorgee van die mag vanaf die Satan na mense toe nie maklik sal gaan nie. Dit is eintlik waaroor hierdie stryd

gaan en daarom is dit nodig dat ons God uitnooi om ons te kom help in hierdie stryd. As jy dit nie doen nie, kan Hy jou nie help nie, want die mag is oorgeplaas in jou hande.

Efesiërs .6:10-11

Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag. 11Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel.

Hierdie stryd sal nooit in hierdie lewe ophou nie, daarom moet ons voortdurend vir God vra om Sy krag vir ons te gee. Ons kan nie maar net aanvaar God sal dit gee nie. As mense soos Adam en Eva hulle eie ding wil doen, laat God hulle dit toe, ten spyte van die feit dat Hy weet dat dit gaan beteken dat hulle die mag gaan oorgee aan die duiwel.

As jy in jou eie krag die duiwel wil aanvat, laat Hy jou toe, ten spyte van die feit dat Hy weet jy gaan tweede kom, want jy moet erken dat jy Sy mag en krag nodig het en daarom moet jy Hom vra. In die lig van dit wat ek alles gesê het, moet jy Hom as te ware toe laat om Sy krag en mag te kom demonstreer.

As ek bid: *“Here verlos my van die bose,”* gaan daarmee gepaard eintlik die gebed: *“gee my krag om hierdie aanvalle van die bose te kan hanteer.”* Nog beter: *“stel U krag vry sodat ons die bose kan oorwin.”*

Die Bybel waarsku dat nie 'n deur vir die duiwel moet oopmaak nie.

Efesiërs 4:27

Moenie die duiwel vatkans gee nie

Prakties beteken dit twee goed. In die eerste plek is dit moontlik vir Satan om 'n houvas op 'n Christen te kan kry. Die tweede ding wat dit sê, is eintlik dat die duiwel kan nie mag by jou kom vat as jy dit nie vir hom gee nie. Daarom moet ons nie vir hom 'n deur oopmaak of die mag wat jy van God ontvang het, aan hom oorhandig nie.

Hoe beskerm jy dit wat jy van God ontvang het? Deur jou volle **wapenrusting op te neem.**

Efesiërs 6:12-17

Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug. 13 Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan. 14 Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak deur God as borsharnas, 15 en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan die voete. 16 Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer. 17 Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God.

Tyd is min, so ek kan nie ingaan op elkeen van die wapens nie, ek het 'n handleiding daarvoor geskryf, wat jy by my kan kry as jy wil.

In hierdie soeke na God se sterkte kom 'n baie belangrike element van gebed na vore en dit is naamlik die nodigheid vir intersessie.

Efesiërs 6:18-20

Doen dit alles biddend en smee God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges. 19Bid ook vir my dat wanneer ek preek, God my die woorde gee dat ek die geheimenis van die evangelie met vrymoedigheid kan bekend maak. 20Ter wille van hierdie evangelie is ek 'n gesant in boeie. Bid dat ek dit met vrymoedigheid kan verkondig soos dit my opgelê is.

As jy opgeroep word vir weermagsdiens kan jy nie neutraal staan nie. Al weet jy nie mooi waarom die oorlog gaan nie, al stem jy nie noodwendig met alles saam nie. Jou vyand gaan nie aanvaar dat jy neutraal is nie. As jy op die gevegslyn beland, moet jy skiet of jy word geskiet. Jy kan nie uitroep: "skiet my maat, ek is neutraal," nie.

JESUS SE TRIOMFTOG

Kolossense 2:15

Hy het elke mag en gesag ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer.

By die Olimpiese spele ontvang die persoon wat gewen het eers later sy of haar goue medalje, by die medaljereemonie. Hulle doen gewoonlik 'n oorwinningsronde, hulle het reeds gewen, maar kry eers later die medalje. Jesus het reeds gewen. Ons wat deel neem aan God se stryd is eintlik besig om so 'n ereronde te loop. Die duiwel is oorwin. Elke bose mag is as te ware in kettings. Al wat nou nog moet gebeur, is dat Jesus, die oorwinnaar, op die podium moet klim en die oorwinnaarskroon bo Hom moet uitlig en sê: *“Ek is die oorwinnaar, die oorlog is verby, kom ons gaan hou fees.”* Dit gebeur by die wederkoms van ons Here Jesus. Intussen is ons stryd hierop aarde aan die gang, maar nie om dit te verloor nie, maar om dit te volvoer tot die einde toe.

HERSIENINGSVRAE

- Moet ons enigsins praat oor die geestelike stryd? Indien ja, waarom? Indien nee, waarom nie?
- Wie is die vyand?
- Wat is sy hoof strategie?
- Noem die maniere waarop Satan mense aanval.
- Wat beteken die woord “versoeking?”
- Wat is die Christen se posisie in hierdie stryd?
- Lys die wapens wat tot ons beskikking is.

OM TE GAAN DOEN

- Lees Efes.6:10-20 elke aand hierdie week deur.
- Verklaar jousef bereid om as 'n aktiewe soldaat in die stryd op te tree.
- Lê bewustelike sondes af, want sonde gee mag aan die duiwel.
- Bid vir hulle wat in die stryd vasgevang is, help hulle en begelei hulle na vryheid.